PARLIAMENT

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## WYSIGINGSWETSONTWERP OP ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE [B 12 – 2026]

### OPENBARE VOORLEGGINGS

Die Portefeuljekomitee oor Kommunikasie en Digitale Tegnologie nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings oor die **Wysigingswetsontwerp op Elektroniese Kommunikasie [B 12 – 2026] in te dien. Die wetsontwerp is op 20 April 2026 in die Parlement ter tafel gelê deur die Minister van Kommunikasie en Digitale Tegnologie.**

Die wetsontwerp het ten doel: om die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005, te wysig om die Minister wat verantwoordelik is vir plaaslike regering in staat te stel om ’n nasionale standaardverordening oor die vinnige ontplooiing van elektroniese kommunikasienetwerke en -fasiliteite te maak; om die “gebruik-dit-of-deel-dit”-beginsel vir spektrum in werking te stel; om swerwing en mobiele virtuele netwerkoperateurdienste te reguleer; om die raamwerk vir fasiliteitshuur te verbeter en voorsiening te maak vir groothandel-prysbepalingsreëls en -standaarde; om voorsiening te maak vir verbeterde mededingingsregulering; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

**Die sluitingsdatum om skriftelike voorleggings oor die wetsontwerp in te dien is Vrydag, 21 Augustus 2026 om 16:00. U word versoek om in u voorlegging aan te dui of u graag ’n mondelinge voorlegging aan die komitee wil lewer.**

Voorleggings en/of navrae moet per e-pos direk aan die komiteesekretaris, mnr Thembinkosi Ngoma, gerig word by: **tngoma@parliament.gov.za**. Hy kan ook by 083 709 8407 gekontak word.

Afskrifte van die wetsontwerp is beskikbaar by **www.parliament.gov.za**, en kan ook by die komiteesekretaris aangevra word.

**Uitgereik deur: agb K L N Sangoni, LP, Voorsitter: Portefeuljekomitee oor Kommunikasie en Digitale Tegnologie**

**Your Parliament. Your Voice. Your Future.**

www.ayandambanga.co.za 156911 BURGER AFR